
NELCSA

# *Biskop Pos*

## *Junie Julie 2021*

NELCSA Logo deel III **Saamwees**

**Ek was bly toe hulle vir my sê: "Kom ons gaan na die huis van die Here." Psalm 122,1**





In die reeks oor ons NELCSA Logo en die roeping van die kerk fokus ek vandag op die saamwees of gemeenskap van Christene.
Die grendeltyd het ons gedwing om nuwe maniere van gemeente te soek en te toets, en ook te vra waaroor gemeente eintlik gaan. Vir baie mense is dit sinoniem met "Sondag" of "erediens". En erediens word dan gefokus op die preek. Goeie preek beteken goeie diens beteken lekker gemeente. Dit is opvallend dat baie mense tydens grendeltyd nie die hele diens nie, maar slegs na die preek gekyk het.
As ´n goeie preek die kern van gemeente uitmaak, dan kan ons mos maar ook in toekoms net sorg dat goeie preke uitgestuur word.
Maar kerk, geloof en gemeente gaan oor baie meer. Ek wil dit met asemhaal vergelyk. Covid-19 het ons opnuut bewus gemaak daarvan hoe belangrik suurstof vir die liggaam is. Wanneer die longe nie behoorlik werk nie, verstik die mens!
Vir my geloof beteken dit: wat ek kry (insluitende die preek) is inasem. Dit wat ek bring, is uitasem. As ek net ontvang, word die geloof traag. As ek net gee, brand ek uit.
Hierdie asemhalingsproses vind in die saamwees plaas. Ek deel dit in drie afdelings:
**Eerstens** is dit die erediens self. Die beste TV-diens kan nie byhou met ´n fisiese saamwees in die gemeente nie: om saam te sing, te bid, mekaar te sien, ook buurman se skewe sang - alles is deel daarvan. Erediens is nie ´n vertoning nie, maar ´n fees. Daarom is dit goed om so baie as moontlik te betrek in die lesings, gebede, musiek en soms selfs in die preek.
**Tweedens** is dit die tyd vóór en ná die diens. Dit is waar nuwe mense agterkom dat hulle welkom is, waar vriendskappe kan onstaan en groei. Daar hoor ek hoe dit met ander gaan, en ek kan my stories deel met mense wat omgee. Nee, ek praat nie van skinder nie, maar van omgee. Voor en na die diens kom ek eers

regtig agter dat ek déél is van ´n gemeenskap, van saamwees! Hierdie aspek het in die grendeltyd glad nie plaasgevind nie, en ons sal intensief daaraan moet werk om dit - binne die raamwerk van gesondheidsvoorskrifte - weer te aktiveer!

**Derdens** gaan dit oor die tyd tussen Sondae. Baie gemeentes het huisgroepe, kore, jeug, senior en ander groepe. Saamwees gebeur ook deur oproepe en kuier vir mekaar. Ook hierdie aspek het onder Covid gely, en dit is uiters belangrik dat ons kreatief en doelbewus soek na moontlikhede hoe om mense bymekaar te bring. Dis nie net oumense wat dit nodig het nie! Die gemeenskap tussen Sondae maak my bewus daarvan dat ek nie alleen op die lewenspad is nie, maar dat ek reisgenote het en ons mekaar kan ondersteun. Onthou: Dit gaan nie net oor wat jy nodig het nie, maar ook waar ander jou nodig het!

Ek dink dat baie van ons gevoel het soos die Psalmis, toe ons hoor ons kan weer kerk toe kom. Ons was bly! Nou moet ons daaraan werk om hierdie vreugde te laat groei sodat meer en meer mense agterkom: My geloof word sterker wanneer ek "asem haal"!

Groete in Christus



***(Nuus van NELCSA:** sien asseblief Engels of Duits*)